**Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie**

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie saam met Ah, Willa! & VRIENDE https://www.willa.co.za

## 'n Maandelikse Potgooi

met Ah, Willa! & VRIENDE

# Episode 20

# Ek en my God



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

**Besoek ons webtuiste**

https://www.willa.co.za

**Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie**

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie
saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

# Hierdie week in

# Episode 20
# Ek en my God

## Bied aan die poësie van Glenn, Tami en Jani Kahts

## soos voorgedra deur Anri Human en Carel Basson

**KOM LEES EN LUISTER NA**

ons maandelikse potgooi
van gedigte en gedagtes
alles tot eer van
ons hemelse Vader!

SCAN ME

**Besoek ons webtuiste**

met Ah, Willa! & VRIENDE




https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie

saam met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



## Kontak en volg Ah, Willa! & VRIENDE op ons sosiale media

**KLIK OP DIE IKOON OM ONS TE VIND BY**

WWW

SCAN ME

**Besoek ons webtuiste**

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



-Ah, Willa!-

# INDEX


- Openingsgebed
- My God © Jani Kahts
- Koffie tyd © Tami Kahts
- Driekruis Silhoeëtte © Glenn Kahts
- Lied: Ek wil U liefhê Heer - © Glenn Kahts
- My hart © Tami Kahts
- Engele Sang © Tami Kahts
- God se Grootheid © Glenn Kahts
- Slot gebed


- Dan volg nog 'n paar ditjies en datjies wat jy moet weet ...



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies,
Plus 'n Veertjie
saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za



## Jy kan luister na episode 20

@

**KLIK OP DIE IKOON**

WWW

SCAN ME

**Besoek ons webtuiste**

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



- Ah, Willa! -

# Openingsgebed
# deur
# Anri Human

Anri Human



## Matthéüs 6:9-13

Onse Vader wat in die hemele is,
laat U Naam geheilig word;
laat U koninkryk kom;
laat U wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons oortredinge,
soos ons ook vergewe
die wat teenoor ons oortree;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die bose.
Want aan U behoort die koninkryk
en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen.





# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## My God

Met my God loop ek 'n bende storm;
Met my God spring ek oor 'n muur.
My God is die Lewende Water...
Sy liefde is 'n Verterende Vuur.

My God is my Vader.
My God is my Vriend.
My God is my Verlosser.
Ek sal Hom altyd dien!

Met my God is ek tot alles instaat!
Deur Hom het ek krag.
Hy is my bron van vreugde.
Hy lei my in die nag...

My God is my Veilige Vesting.
My God is my Rots.
My God is my Herder.
My God is my trots.

Hy klee my met verlossing.
Hy red my van die dood.
Hy hoor my as ek roep.
Hy is oneindig Groot!

Hy bewaar my van struikeling;
Ek lewe in Sy Lig.
My God is my Helper.
Hy hoor my as ek sug.

My God gee my die oorwinning!
My God sien my raak.
My God gee my 'n nuwe lied.
Ek maak vir Hom saak...

© Jani Kahts

gedig deur

Jani Kahts



voorgelees deur

Carel Basson





SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

gedig deur

© Tami Kahts



## Koffie tyd

Dis koffie tyd-
laat middag op die gras,
in die skuiling van U skadu,
met U teenwoordigheid wat oor my was...

Dis koffie tyd-
vroeg oggend voor die son opkom,
buig dankbaarheid emosies reguit
want voor dit was dit eers krom.

Dis koffie tyd-
tydens 'n lawaaierige pouse in die klas;
deur die woede, frustrasie en magteloosheid
gryp ek U vrede met albei hande vas.

Dis koffie tyd elke keer saam met U...
My hart en wese lê in U groen weivelde.
My drome en hoop is by waters waar rus is...
My siel en verstand bly van God bewus!

©Tami Kahts

voorgelees deur

Anri Human



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE



Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

gedig deur

© Glenn Kahts



voorgelees deur

Carel Basson



## Driekruis Silhoeëtte

Here, gister luister ek na
"Kyk na die Lam"
Sien in my gedagtes die drie wat daar hang.
Skielik was dit U en ek,
met 'n ander man;
'n Uitbeelding van elke dag
se sonde bestaan.

Ons word gekruisig met moord, diefstal en verkragting;
van agter tralies beloer ons
donker toekoms verwagting.

Tog pynig al dié dinge U skeppende hart o Heer,
want U is eintlik hier tussen ons,
U kry ook seer.

So gaan die drie van ons
deur die lewe;
die gelowige,
die ongelowige,
en U.

Al drie word gekruisig,
maar U vergewe-
my stomme verwondering
kan ek net rig aan U.

Aan die einde van die dag,
my Verlosser en Heer,
wil ek die gekruisigde wees
aan wie U sê:
"Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."
Daarom sal ek altyd
vir U aanbidding hê!

Hallelujah!!!

© Glenn Kahts

SCAN ME



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Ek wil U liefhê Heer

Ek wil U liefhê Heer,
ek wil U hulde bring.
U is my Redder Heer,
my Trooster Vriend.
Wil een wees met U Heer,
nou en altyd!
Wil U gehoorsaam wees met,
lof en dankbaarheid!

U het my vrygespreek,
van sondeskuld en las.
U het my vrygemaak,
my skoon gewas.
Ek wil U lof bring, Heer,
en eerbied ook!
Ek wil U graag aanbid,
U volg en diensbaar wees!

U laat my weer liefhê,
met blye vrolik hart!
Ek kan weer lewe, Heer,
met nuwe aard!
Dit is net U my God,
ook Heil'ge Gees!
'n Nuwe lewe Heer,
met Jesus in my hart! x2

© Glenn Kahts

Getoonset en geskryf deur Glenn Kaths
Gesing deur Glenn, Tami & Jani Kahts

Tami Kahts



Jani Kahts



Glenn Kahts






SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za

## My hart

My hart is van klip en sand.
Die saad van hoop word daar geplant.
Water syfer deur en spoel weg,
maar die saad van hoop hou aan veg.

Die beloftes het net woorde geraak;
en voor U troon stel ek my saak...
Die hoop in my hart is al lankal dood-
maar U liefde en genade is vir altyd groot!

Vat weg asb my hart van klip!
U sal altyd op my hart se troon bly sit.
Ek bou mure teen uitgestelde hoop se vrees;
gee asb weer vir my n hart van vlees...

Ek distansieer my van die hoop;
maar die hoop roep uit na God!
Eers deur die nagmerrie word die droom waar-
selfs in die woestyn is U daar.

My enigste hoop in lewe en dood,
is dat ek aan Jesus behoort;
met die ewige hoop van heerlikheid-
Vader, U, is my beloning tot in ewigheid.

© Tami Kahts

gedig deur

© Tami Kahts



voorgelees deur

Anri Human





# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Engele Sang.

Soveel emosies, so min woorde.
Soveel ontsag, so min uitdrukkings.

"Heilig, Heilig, Heilig."

Is dit 'n tekort aan woordeskat?
Of miskien geen ander byvoeglike naamwoord?

"Here God, die Almagtige."

Is dit al woorde wat ons kan gebruik?
Is Hy nie meer waardig as dit nie?

"Hy wat was, wat is en wat kom."

Moet die woorde met jou mond uit gebasuin word!!!?
Of moet jou hart die wysie saggies neurie?

"Maar jou Vader wat in die Verborgene is
en dit sien, sal jou in die openbaar vergelde."

© Tami Kahts

gedig deur

© Tami Kahts



voorgelees deur

Anri Human



Carel Basson





SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

**God se Grootheid.**

gedig deur © Glenn Kahts



voorgelees deur Carel Basson



Here, as ek na my binneste kyk,
en ek sien dit wat vir my so onmoontlik lyk;
dan word ek opnuut vervul met verwondering,
as ek kyk na U besluit
om selfvernedering.

In my binneste is daar soms 'n sterk begeerte
om mense met mening te laat betaal,
vir al die baie verkeerde dinge
wat hulle op my uithaal!

Ek voel dis aan my
wat hulle die onreg doen!
Hoekom moet ek my eerste met hulle versoen?
My hoogmoed of trots
of ego of wat -
wil hê ék moet die een wees
wat vas hou aan die lat!

Dan dink ek aan U
as God van die heelal;
U wat die reg het
as die groot "EK IS'-
om enige onreg teen U
met vuur en hael,
summier van die aardbol
af uit te wis!

U het Uself nie eers so belangrik geag;
soos ek, wat so graag die mense wil slag!
Hulle sonde teen my, wil ek,
dat hul duur moet betaal!
Maar vir hul sonde teen U,
het U self betaal!

Wat vir my, Heer, so wonderlik is,
is dat U as ons Skepper,
U ons uit mag wis-

maar U het Uself verneder;
soos ons, mens geword,
U self het ons van U Grootsheid kom red!
Met groot vernedering
het U ons met U veiligheid omgord.

Waar is daardie groot liefde in ons,
dat ons onsself so sal verneder?
Dat ons, ons naaste sal beveilig teen onsself?
Deur hulle, soos U,
hul sonde teen ons te vergewe
en hul vry te spreek?

Hoe wil ons dan wees groter as U?

As ons onsself nie soos U,
ons eie belangrikheid prys wil gee;
en so die sonde teen ons weg wil vee?

En so Here, loop my hart oor van prys,
want U het U eie lewe
minder as myne geag,
en so in my plek gehang
aan die galg.
Nou plaas ek U heel hoogste
op my lys.
Laat my lofprysings
tot U verewig verrys!

Hallelujah!

© Glenn Kahts

SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za



# Slot Gebed

## deur

## Anri Human

Anri Human



Abba Vader, aan U kom toe al die lof,
al die eer en al die aanbidding.
Dankie dat U, Jesus, die Seun van God;
bereid was om van God verlaat te wees,
sodat ons tot in alle ewigheid saam met Hom kan leef.
Dankie dat die hoop in U nooit beskaam nie!
Dankie dat U vir ons die vrede bring
wat alle verstand te bowe gaan.
Dankie dat alhoewel ons weet ons gaan
miskien deur die dal van doodskaduwe,
dat ons nie hoef te bekommer nie wat U is met ons.
Ons kyk op na die berge en ons weet waar ons hulp vandaan kom.
U is ons God, U ons Abba Vader, U is ons Redder,
U is die Een wat ons vooruitgaan en ons paaie vir ons gelyk maak.
Mag elke knie buig, en elke stem erken
dat U die Koning van alle konings is
die Naam bo alle name Yahweh Eloheinu.
Ons loof en prys  U en saam met die ouderlinge voor U troon lê ons,
ons krone voor U neer in dankbaarhied en ewige aanbidding
en met hierdie wonderlike samesyn wat ons mag hê met U
wat gekom het deur die bloed van die Lam.
Ons loof U, ons prys U.
Aan U kom toe die lof en die eer en die aanbidding tot in alle ewighied.
Amen





# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Wil jy gedigte deel,
voorlees of redigeer?
Sluit dan by ons
WhatsApp groep aan.
Kliek hier







Do you want to share,
edit or recite poems?
then do join
our WhatsApp group.
Click here

Linktree*

Gaan na ons
LinkTree
vir al ons skakels,
kliek hier

SCAN ME

Besoek ons webtuiste

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



# Ons Redaksiespan

## Redakteurs

© Anri Human



## Redakteurs & Ontwerp

©♫♥Ah,Willa!♥♫



© M'Hennie



© Jani Kahts



## Tegniese Ondersteuning

© JanDink



SCAN ME

Besoek ons webtuiste

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



# Agtergrond Musiek

## Ons is dankbaar vir al die kunstenaars Gevind by: Pixalbay

Die musiek in hierdie episode is van Pixalbay, vonkpos

willa@willa.co.za

as jy enige navrae het.

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies,
Plus 'n Veertjie
saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

## Kontak en volg Ah, Willa! & VRIENDE op ons sosiale media

**KLIK OP DIE IKOON OM ONS TE VIND BY**

WWW

SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

**Besoek ons webtuiste**

https://www.willa.co.za



Ditjies & Datjies,
Plus 'n Veertjie
saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

SCAN ME

# Tot volgende keer - mooi loop!

Ah, Willa! & VRIENDE





- Ah, Willa! -

**Besoek ons webtuiste**

https://www.willa.co.za